

Beleggingsadvies vir die nuwe jaar: Deel 2



Geografie hoort nie in portefeulje

Dit is óf jy belê, nie wáár nie; firmas doen sake oor grense

Riana de Lange

Geografiese gebiede soos China, Afrika, Brittanje en Frankryk is die soort liggings wat dikwels genoem word in beleggingsgesprekke, maar beleggers moet die internasionale konteks begryp om veilig in dié waters te vaar, maan kenners.

In vandag se internasionale konteks het verskillende geografiese liggings meestal relevansie verloor as dit kom by aandele. Met die afskaffing van kapitaal-beheer en handelsversperrings is aandele markte se prestasie al hoe minder gekoppel aan die lot van hul tuis-ekonomieë, sê Dave Mohr en Izak Odendaal van Old Mutual Multi-Managers.

Maatskappye is dikwels op beurse in ander lande genoteer en baie se bedrywighede strek oor grense heen.

So byvoorbeeld genereer die top-500 genoteerde maatskappye in Amerika meer as 40% van hul inkomste van buite Amerika, maatskappye op Brittanje se FTSE 100 kry sowat 66% van hul inkomste van buite die land, en maatskappye wat op ons eie JSE genoteer is, genereer meer as die helfte van hul inkomste in ander lande, sê hulle.

Wanneer oor aandele-toewysing besluit word, moet die stand van die wêreld ekonomie in gedagte gehou word. Volgens Mohr bied ontluikende markte steeds aanlokliker waarde as ontwikkelde markte.

Ontluikende markte presteer gewoonlik ook goed wanneer dit beter gaan met die wêreld ekonomie. Die Wêreldbank verwag vanjaar groei van 3,1% vir die wêreld ekonomie.

“Suid-Afrikaanse aandele volg breedweg die vertoning van ander ontluikende markte. Beleggers moet hul gehele

Kry só blootstelling aan internasionale aandele

Individuele beleggers kan in ’n globale ekwiteitsfonds belê, verkieslik met ’n breë mandaat eerder as ’n fokus op ’n spesifieke streek, sektor of styl.

Laat die besluit van watter individuele aandele om te koop aan portefeuljebestuurders oor, sê Dave Mohr en Izak Odendaal van Old Mutual Multi-Managers.

Beleggers kan ook ’n globale indeksfonds kies.

Volgens George Herman van Citadel is die beste manier van blootstelling via gevestigde batebestuurders met ’n lang prestasielys van opbrengste – sowel plaaslik as internasionaal.

“Daar is ook verskeie beursfondse beskikbaar, maar beleggers moet doodseker maak hulle weet presies wat hulle koop,” maan hy.

portefeulje-risiko deeglik oorweeg en nie al hul eiers in die mandjie van ontluikende markte sit nie,” is sy raad.

George Herman, beleggingshoof van Citadel, steun ook die gedagte om in ontluikende markte te belê.

“Wêreld groei lyk steeds positief ondanks stygende rentekoerse in Amerika. Ontwikkelende markte groei veel vinniger as ontwikkelde markte – en as ’n beginpunt lyk dit of groei steeds in Asië en Indië lê. Ons glo Suid-Afrikaanse beleggers moet altyd ’n stewige toewysing buite Suid-Afrika hê om hulle teen ons unieke risiko’s te verskans.”

Buiten aandele in ontwikkelende markte, herstel Europa goed; Frankryk

is vooraan. Herman sê blootstelling en ’n oorgewig posisie aan Europa behoort groter groei te verskaf as in Suid-Afrika. Die Amerikaanse ekonomie brei steeds uit en omdat Amerikaanse maatskappye meer internasionaal van aard is, is diversifikasie daarin gewens.

Richus Nel, gesertifiseerde finansiële beplanner van Brenthurst Wealth, sê beleggers wat beter opbrengste as die gemiddelde belegger verwag, moet ’n ander aanslag as die gemiddelde belegger volg.

“Die gemiddelde belegger wil elke jaar konstante opbrengste sien en beweeg in en uit portefeuljes (saam met openbare konsensus van waarde en opbrengste wat seker is). Beleggers haas hulle na geografiese beleggings nadat daardie beleggings goed presteer het. Omdat hulle belê vanuit geografiese toewysings dat die groei steeds voorlê, lei dit gewoonlik tot ’n resultaat van ‘koop hoog’ en ‘verkoop laag’ – dus ’n verlies.”

Nel sê batetoewysing moenie noodwendig geografies gedoen word nie, maar op grond van “prys-versus-wins-vooruitsigte” van individuele ondernemings of beleggingsinstrumente.

Hy sê hy sal steeds die prominente beleggingstoewysing aan indekse in ontwikkelde lande op 80% toestaan, en 20% aan ontluikende markte. Eersgenoemde trek steeds voordeel uit ontluikende markte se jong demografie en hoë ekonomiese groei vooruitsigte deur multinasionale maatskappynoterings op hul indekse.

“Apple, Nike en Amazon is goeie voorbeelde hiervan, waar groot inkomstestrome in ontluikende markte verdien word. ’n Swakker dollar verbeter gekonsolideerde winsresultate – en daar is nou minder maatskappybelasting onder pres. Donald Trump se nuwe belastinghervormingsbeleid.”

Nel sê hy laat die spesifieke batetoewysing binne die verskillende lande en indekse aan aktiewe batebestuurders oor, wat individuele maatskappywaardasies kan doen en met alternatiewe ge-

Sektore wat kan presteer

Tegnologie, wat ook in 2017 ’n toppresterende sektor was, is een van George Herman van Citadel se keuses van sektore wat vanjaar goed kan vaar.

“Dit lyk of dié tendens steeds steun het, en die waardasies is nog nie waansinnig nie. Tegnologie in ontwikkelende markte behoort dus steeds suksesvol te wees.

“Ander sektore wat waarde kan toevoeg, is finansiële dienste en nywerheidsmaatskappye.”

Richus Nel van Brenthurst Wealth sê as wêreld groei kan voortduur, is die vooruitsig vir kommoditeite, olie-verwante sektore en sektore soos logistiek beter. “Namate lande se ekonomieë en finansies stabiliseer en groter belastinginkomste het vanweë beter ekonomiese bedrywighede, kan infrastruktuurbesteding ook kop optel en die konstruksiesektor bevoordeel.”

Op langer termyn hou hy robotika, kunsmatige intelligensie, breë tegnologiese toepassings en mediese bedrywe (biotegnologie en farmasie) dop. “Dit hou wel hoë risiko in. Dit is sektore wat vinnig verander en kan slegs as satelliet-temas binne ’n portefeulje beskou word.”

leenthede kan vergelyk.

Volgens Mohr en Odendaal was 2017 se aandele-opbrengs opmerklik soortgelyk oor verskeie streke:

- 21% in die USA;
- 24% in Brasilië;
- 25% in Japan
- 28% in Duitsland en Frankryk;
- 36% in Suid-Afrika; en
- 54% in China.

Hulle som dit soos volg op: “As ons terugkyk na 2017, was die vraag nie wáár jy in aandele belê het nie, maar óf jy in aandele belê het.”